# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

**20c** Tuesday 27 March 1979 WINDHOEK Dinsdag 27 Maart 1979 No. 3928

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
*Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek.

---

No. 66] [27 March 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 7 of 1979 Education Amendment Ordinance, 1979

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

---

No. 66] [27 Maart 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 7 van 1979 Onderwyswysigingsordonnansie, 1979

**No. 7 of 1979** EDUCATION AMENDMENT ORDINANCE, 1979

*(Assented to 22 March 1979)*
*(English text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 27 March 1979)*

# ORDINANCE

To amend the Education Ordinance, 1975, in regard to the constitution and powers of school committees; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 3 of Ordinance 21 of 1975.

1. Section 3 of the Education Ordinance, 1975 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended by the substitution for subparagraph (iv) of paragraph (c) of the following subparagraph:

"(iv) the parent community may convey its wishes regarding the education of its children and the teaching system to the Departement—

(aa) if it is the parent community of one school only that wants so to convey its wishes, by means of the school committee instituted for that school;

(bb) if it is the parent committee of more than one school that wants so to convey its wishes, by means of the school committees instituted for such schools, which may, for that purpose, meet jointly.".

Amendment of section 10 of Ordinance 21 of 1975.

2. Section 10 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) (a) If —

(i) the parents of the pupils of a school for which a school committee was institued belong to more than one language group; and

(ii) at least one person from each such language group is not elected as member of the school committee concerned,

ONDERWYSWYSIGINGSORDONNANSIE, 1979 **No. 7 van 1979**

*(Goedgekeur 22 Maart 1979)*
*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 27 Maart 1979)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Onderwysordonnansie, 1975, betreffende die samestelling en bevoegdhede van skoolkomitees; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 21 van 1975.

1. Artikel 3 van die Onderwysordonnansie, 1975 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subparagraaf (iv) van paragraaf (c) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iv) die ouergemeenskap hulle wense met betrekking tot die opvoeding van hulle kinders en die onderwysstelsel aan die Departement kan oordra —

(aa) indien dit die ouergemeenskap van net een skool is wat hulle wense aldus wil oordra, deur middel van die skoolkomitee wat vir sodanige skool ingestel is;

(bb) indien dit die ouergemeenskap van meer as een skool is wat hulle wense aldus wil oordra, deur middel van die skoolkomitees wat vir sodanige skole ingestel is, wat vir daardie doel gesamentlik kan vergader.".

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 21 van 1975.

2. Artikel 10 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) (a) Indien—

(i) die ouers van die leerlinge van 'n skool waarvoor 'n skoolkomitee ingestel is, tot meer as een taalgroep behoort; en

(ii) minstens een persoon uit elke sodanige taalgroep nie tot lid van die betrokke skoolkomitee verkies word nie,

the Executive Committee may, at the request of the majority of persons, entitled to vote, from any such language group from which a person has not been so elected, nominate a person from any such language group whom it may designate according to its own choice as additional member of that school committee.

(b) For the purposes of paragraph (a), every person who regards a specific language as his home language, shall be deemed to be a member of that language group.".

Short title.

3. This Ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance, 1979.

kan die Uitvoerende Komitee, op versoek van die meerderheid van die stemgeregtigdes uit enige sodanige taalgroep waaruit 'n persoon nie aldus verkies is nie, 'n persoon uit enige sodanige taalgroep wat hy volgens sy eie keuse mag aanwys, tot addisionele lid van daardie skoolkomitee benoem.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) word elkeen wat 'n bepaalde taal as sy huistaal beskou, geag 'n lid van daardie taalgroep te wees.".

3. Hierdie Ordonnansie heet die Onderwyswysigingsordonnansie, 1979. Kort titel.